**Saterdag 23 Desember**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:2, 3; Johannes 1:4, 5; Matteus 27:41-54**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:45, 46, 51,52**
**Die wonder van Lig uit die duisternis**

God het nie die duisternis geskep nie. In die begin was dit bloot donker. Maar toe het God die wonder van lig geskep. Daarna kon die res van die skepping ontvou, want sonder lig sou geen lewe moontlik wees nie.

Maar deur die sondeval is die mens van God vervreem en het ’n nuwe soort duisternis oor die mensheid neergesak. Ook hierdie duisternis is nie deur God geskep nie. Die sondeduisternis bestaan waar die mens van God vervreem is. Maar weer het God in sy almag en genade Lig geskep. God se Woord het vlees geword en in Hom was die Lig vir die mense. Hy is die ware Lig. Alleen deur sy lig is die ware lewe vir die mensheid moontlik.

Maar om die ware Lig te wees, moes Hy self eers deur die duisternis gaan. Hy moes vir drie ure aan die kruis in die duisternis van die hel hang. Dit was nie ’n sonsverduistering nie, want Paasfees is met volmaan wanneer ’n sonsverduistering onmoontlik is. Dit was nie donker bloot omdat die lig afgesny is en nie kon deurkom nie. Dit was donker omdat die ware Lig onttrek is. Die duisternis wat oor die hele wêreld toegesak het, het op die kruis saamgetrek soos ’n swartgat. As Jesus nie die volheid van die duisternis op Hom sou neem nie, sou die ware lig vir die mense nie moontlik wees nie.

En dan gebeur die wonder. Die ware lig breek deur die duisternis. Die voorhangsel skeur as teken dat die skeiding tussen God en mens deur die versoeningsoffer van die Lam weggeneem is. Die aarde skud en grafte kan oopgaan omdat die ware Lig deurgebreek het.

God het gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was Lig! Lewe in die Lig!

*Sing: Skrifberyming 4-7:2*

*Ds. HB Hattingh (Bernard) (Warmbad)*